'n Nuwe wêreld van moontlikheid

Ons leef ons in

Jy werk in die regering van koning Herodes Antipas, in sy hoofstad Tiberias langs die meer van Galilea. Jy het net een seun. Hy is al 10 en jou vreugde en trots. Maar hy het siek geword. Geleidelik het sy toestand vererger en jou bekommernis toegeneem. Twee dokters het hulle bes probeer, maar dit het nie gehelp nie.

Toe hoor jy dat 'n profeet van Nasaret wat al verskeie mense genees het, na Kapernaum gekom het. Dit is omtrent 20 km van jou stad langs die bokant van die meer. Jy oorweeg dit om sy hulp te gaan inroep. Maar jy huiwer, want Herodes werk saam met die Romeinse regering en julle wat vir hom werk, is nie gewild onder die nasionalistiese, opstandige Jode van Galilea nie.

Maar toe jou seun nog erger word, vertrek jy een oggend met eerste lig. Julle stap met haas en kort voor een die middag is julle in Kapernaum. Na 'n bietjie rondvra kry jy Jesus en smeek Hom om saam met jou te kom.

Wat jy gevrees het, gebeur. Hy maak beswaar: "Julle mense wil nie glo voor julle wonderwerke gesien het nie." Jy antwoord: "Asseblief, kom saam, my kind is aan die sterf."

Sy antwoord slaan jou plat: "Gaan, jou seun leef."

Vir 'n oomblik wonder jy of jy nie eintlik weggejaag word nie.

Jy kyk na Hom en sien Hy bedoel wat Hy gesê het. "Jou seun leef." Die woorde los jou nie. Hulle word te sterk vir jou.

Jy bedank Hom en begin dadelik huis toe-stap. Langs die pad twyfel jy elke nou en dan, maar dan hoor jy weer: "Jou seun leef."

Jy word moeg en julle moet halfpad in 'n dorpie oornag. Jy slaap amper nie. Die een oomblik vrees jy dat jy jou seun nie weer lewend gaan sien nie, maar telkens is Jesus se woorde weer sterker: "Jou seun leef."

Dou voor dag is julle op en op pad. Nie lank nie, of jy sien mense van ver voor af haastig aankom. Dit is jou diensknegte. Jou hart bons.

Hulle lyk bly en sê dadelik: "Jou kind se toestand het gedraai en hy word vinnig gesond."

"Wanneer?" vra jy.

"Gister eenuur."

Jy besef dis hoe laat dit was toe Jesus daardie woorde gesê het.

Geloof

Wat beteken dit om te glo? Daar is Christene wat dink geloof beteken dat jy glo Jesus het vir jou sonde gesterf en jy dus gered is en hemel toe gaan. Dit is om te glo dat die leerstelling van die versoening waar is en ook vir jou geld.

Dit is nie wat Jesus met die woord *glo* bedoel het nie. Die geloof waarvan Hy gepraat het, is hoofsaaklik die *vertroue in sy krag*. Dis vertroue in sy krag om jou te genees of andersins vir jou te sorg.

In Jesus se boodskap is geloof die vertroue dat God aktief teenwoordig is. Hy stel ons in staat om te doen wat ons kan, maar is groter as die moontlikhede wat ons sien. Jaïrus se dogtertjie is dood, maar Jesus sê: *Moenie ontsteld wees nie. Glo net!* (Luk 8:50).

Wanneer daar by Jesus gekla word dat sy dissipels 'n seun nie kon genees nie, antwoord Hy: *O ongelowige geslag ... ! Alle dinge is moontlik vir iemand wat glo.* Die pa van die seun antwoord dat hy glo, en Jesus genees die seun (Mark 9:14-29).

Die keuse

Wanneer 'n mens se oë oopgaan vir die krag van God se goedheid, lei dit tot onkeerbare vreugde. Dié vreugde laat jou alles los en net een rigting vir jou lewe kies.

Lees mooi: *Die groot goedheid van God (sy nuwe wêreld) is soos 'n handelaar op soek na goeie pêrels. Toe hy een baie kosbare pêrel vind, het hy gegaan en alles wat hy gehad het verkoop en dit gekoop* (Matt 13:45-46). Hierdie sakeman dryf handel in pêrels. Hy het al baie goeie pêrels gekoop en verkoop, en hy het waarskynlik tans baie wat kosbaar is. Nou vind hy net *een*, 'n enkele *een*, wat uitstaan bo al die ander. Dit is nou al wat hy wil hê, maar hy kan dit nie bekostig nie. Hy besluit om al sy besittings te verkoop om dié pêrel dan net-net te kan koop. Hoekom doen hy dit? Die vorige klein gelykenis wat Jesus vertel, is parallel aan hierdie een en verduidelik: 'n Man ontdek 'n skat in die veld, en toe? *Uit blydskap* verkoop hy alles wat hy het om dié stuk grond te koop (13:44).

Dit beteken as jou oë oopgaan vir God se goedheid, spring daar so 'n groot *blydskap* in jou op dat jy alles los wat jou rem. Jy laat niks tussen jou en Jesus inkom nie, selfs nie die dinge wat jou naaste aan die hart lê nie.

Lukas vertel twee baie sterk voorbeelde hiervan. Dit was deel van die Joodse wet dat jy nie van jou pa mag wegtrek voor jy hom begrawe het nie. Hulle Wet het selfs gesê dat hierdie bepaling belangriker is as om gereeld die Sjema te sê (die kort vorm daarvan bestaan uit woorde uit Deuteronomium 6 oor hulle verbintenis aan God wat vir hulle baie sentraal was). Jesus roep 'n man om Hom te volg en dié sê hy sal na hy sy pa begrawe het. Jesus antwoord: Jy moenie toelaat dat selfs so 'n belangrike stuk wetsgehoorsaamheid tussen jou en My kom nie. Dan gaan dit nog verder. 'n Volgende man sê uit sy eie dat Hy Jesus sal volg, maar dat hy net eers 'n afskeidsfees saam met sy huismense wil vier. Jesus antwoord: Selfs hierdie stukkie uitstel wat jy vra, maak dat jy nie *geskik is vir die lewe met God (in God se nuwe wêreld) nie* (Luk 9:59-62).

Hierdie is uitsonderlike voorbeelde waarvan ons nie reëls moet maak nie. Hulle word vertel om die idee duidelik te maak. As enigiets jou nader aan die hart lê as om Jesus te volg, is jy nie *geskik vir die lewe met God (in God se nuwe wêreld) nie*. Wat kan dit nie alles wees nie? Volksgevoel, nasionalisme, lewensideale, geld of ander kosbare besittings, jou gehegtheid aan 'n ander mens …

Hou vas

- Vir Jesus is geloof in die eerste plek vertroue in God se krag om te sorg.
- Geloof beteken ek vertrou dat God aktief aanwesig is, nou hier. Geloof is nie in die eerste plek vir die toekomstige lewe nie, maar vir hierdie lewe.
- My ervaring van hoe God my gesondheid en energie gee, behoort net so 'n belangrike deel van my godsdiens te wees as enigiets anders.
- Ek kan glo dat die lewe goed is omdat ek "deur goeie magte trou en stil omgewe" is.
- Wanneer my oë oopgaan vir die rykdom van God se goedheid, spring daar 'n blydskap in my op wat so sterk is dat dit my losmaak van alles wat tussen my en Jesus kan inkom. Ek kan alles laat los ter wille van die *een baie kosbare pêrel.*

Dink of gesels

- Nooi die krag van God my om meer van Hom te vra en verwag?
- In hoe 'n mate ervaar ek my godsdiens ook in my lyf? Kan dit meer word?
- Hoe voel ek diep in my hart oor die lewe? Is dit goed?
- Wat kan daar alles in 'n mens se hart wees wat maak dat jy minder met die *een baie kosbare pêrel* lewe?

Gaan doen

- Besluit waarvoor jy in gebed wil vra.
- Sluit jou oë en konsentreer op jou hande. Voel die lewe in die handpalms en vingerpunte. Ervaar dit as 'n teken dat God nou in jou is en *lewe en asem* vir jou gee (Hand 17:25).
- Maak in minder as 'n minuut met 'n paar strepe vir jouself 'n sketsie van hoe jy God se teenwoordigheid in jou lewe sien.
- Is daar enigiets in jou hart of leefstyl wat jy eintlik wil laat los om meer met die *een baie kosbare pêrel* te kan lewe?